KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 50 Nr 36 19 Oktober 2025

# God se Voorsienigheid

Josef se lewe het vir ons so baie lesse om te leer. Vir die afgelope klompie weke het ek baie tyd spandeer om daaroor na te dink. Telkens vind ek myself bepeins oor die gebeure van my eie lewe en hoe anders dinge dalk sou uitdraai as iets op 'n ander manier sou gebeur as wat dit het. Met elke gebeurtenis kan ek God se hand sien in hoe Hy my gelei het, al kon ek dit nie voorsien of verstaan op daardie oomblik nie.

Een van die grootste uitdagings is om te sien wat God se plan is vir ons lewens wanneer ons teleurstellings ervaar. Waarom laat God dit toe dat Josef se broers hom ten onregte mishandel? Waarom kry hy nie eerbied of respek vir die wyse waarop hy teenoor Potifar se vrou optree nie?

In kort sou die antwoord wees: want die lewe is nie regverdig nie.

Dit is egter nie 'n genoegsame antwoord nie. Want dit beteken dat Gods water maar oor Gods akker loop, en ek kan niks daaraan doen nie. Die lewe is maar net wat dit is. Jy moet maar net aanvaar wat met jou gebeur...

Dit sou tog maar net 'n halwe waarheid wees. Want in ons groot teleurstellings en onregte wat ons moet verduur, is die hand van die Almagtige aan die werk. God gebruik die "*nee's*" van die lewe om op 'n ander manier vir ons "*ja*" te sê. Hy gebruik ons gebrokenheid om tot sy heerlikheid te wees.

Dink net daaroor: sou die verhaal van Josef so aangrypend gewees het, as Jakob die Farao se goeie vriend was en vir Josef 'n plekkie in die kabinet gereël het? So is ook elkeen van ons se lewe uniek en kosbaar, want God is al die tyd daarin aan die werk. Daarom kan ons berus by die goeie en die slegte van die lewe, want God beskik oor al hierdie dinge. In sy voorsienigheid sien Hy vooruit en voorsien Hy in die toekoms.

Daarom kan ons met vrede en gerustheid en geloofsvertroue bid: *Laat U wil geskied, soos U dit wil in die hemel, dat U dit mag uitvoer in my lewe hier op aarde.*

Lourens (vdm)

# ALGEMENE INLIGTING

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 22, Ps 107:1 Volgende week: Les 23, Ps 107:1

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## KOLLEKTES

| | |
|---|---|
| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Bybelverspreiding** (by die deure) |
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **EVK-projekte** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20 Okt | Cornel | Heystek | C09 | 0721584590 |
| | Jaco | Maré | C15 | 0790673656 |
| 21 Okt | Bella | Landsberg | C06 | 0828431707 |
| | Elmari | Vercueil | E01 | 0825612682 |
| 22 Okt | Danie | Rebel | A01 | 0825715397 |
| | Gerard | van Rooy | C04 | 0718608595 |
| 23 Okt | Karmi | Bekker | B17 | 0662521259 |
| | Annelette | Gentle | B01 | 0824646893 |
| | Sarel | Pretorius | C12 | 0842065083 |
| | Paul | Steyn | A05 | 0828827976 |
| | Anton | vd Bijl | C04 | 0832916855 |
| | Johan | van Dyk | A14 | 0825769294 |
| | Ruben | Venter | B15 | 0278234780 |
| 24 Okt | Marietjie | Croukamp | A06 | 0832507519 |
| | Frikkie | van Biljon | A16 | 0729954488 |
| 25 Okt | Franciska | Buys | B11 | 0826667779 |
| | Alta | Jv Rensburg | C03 | 0825776201 |
| | Heleen | Jv Vuuren | B09 | 0837119263 |
| | Karin | Myburgh | A04 | 0824524952 |
| | Johan | vd Meer | B14 | 0737346018 |
| | Maarten | v Helden | C15 | 0721431855 |

## *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 19 Okt | Nicolas | Coetzee | C08 | 0829273146 |
| 20 Okt | Aurora | Rousseau | B12 | 0849523386 |
| 25 Okt | Cara | Brits | B15 | 0827821416 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Sarel Pretorius ontvang tans behandeling (C12 – 084 206 5083).
- Mariana Pelser gaan komende week 'n operasie ondergaan (C4 - 082 654 4789).
- Elna du Bruin sterk tuis aan (A2 – 083 664 2050).
- Lou Venter het 'n draai in die hospitaal gemaak (C11 - 083 644 8080).
- Hester Enslin sterk aan in die stepdown (C3 - 063 624 9255).
- Karlien Bothma sterk tuis aan na 'n operasie (B3 – 072 899 3144).
- ***Meelewing*** word betoon met:
  - Max Vorster en familie na die afsterwe van haar suster.
  - Stephanus Schoeman se vader ontvang tans behandeling.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Jaarbeplanningsvergadering

22 Okt
om 18:00

**Alle voorsitters** van kommissies of gemagtigde afgevaardigdes om die vergadering by te woon.

## *Alethea Outreach 11:00*

Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Rev Lourens Venter




## Beroepe aanvaar

- Dr JA (Jannie) Erasmus van GK Odendaalsrus na GK Potchefstroom -Die Bult.
- Ds GP (Gerrie) van Rhyn van GK Komatipoort na GK Brits.

Beste Donateur

Ons harte is vol dankbaarheid en vreugde om hierdie goeie nuus met jou te deel. Danksy die vrygewigheid van julle, ons donateurs, het ons nie net ons doelwit bereik om deur ons *Die Woord binne die Stilte*-projek **400 Engelse Bybels vir die Dowes** te voorsien nie – ons het dit selfs oortref! Saam het jy gehelp om meer as **R116 000** in te samel. Hierdie bedrag stel ons in staat om God se Woord na skole en organisasies te bring wat die Dowe gemeenskap bedien en ondersteun.

Jou ondersteuning het die droom van *Die Woord binne die Stilte* vir soveel mense 'n werklikheid gemaak. Elke Bybel wat in die hande van 'n Dowe persoon geplaas word, dra die gawe van begrip, behoort en hoop.

Alhoewel ons aanvanklike doelwit reeds bereik is, sal die veldtog tot **31 Oktober 2025** voortduur vir enigiemand wat steeds daartoe gelei voel om by te dra. Elke bykomende donasie help om die reikwydte van hierdie belangrike Bybelvertaling nog verder uit te brei.

Uit die diepte van ons harte sê ons dankie vir jou aandeel in hierdie projek

Met waardering,

Ds Rodney van Wyk (Uitvoerende Hoof) **e** biblia@biblesociety.co.za



## Jubeljaar foto-projek

Bring jou hele huisgesin ons gaan 26 Okt en 2 Nov om 08:00 voor, en direk na die erediens foto's van lidmate en hul gesinne neem.

Die foto's gaan gebruik word om lidmate aan mekaar bekend te stel.



## Droë vrugte

Elke Sondag na die oggend-erediens, is daar droë vrugte beskikbaar by die kombuis se agterluik, o.l.v. die susters, dit is jul deurlopende fondsinsamelingsprojek.

Esmé Groenewald 082 872 4878

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**19 Okt**

Lize Johl (sameroeper)

Juventus



**26 Okt**

Rina Venter (sameroeper)

Belydenisklas kinders + ouers

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**PF Wolmarans Prokureurs** - Opstel van testamente, boedel-bereddering, registrasie van huis-oordragte. Dit is die verkoper se prerogatief om die prokureur aan te stel. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Gesoek halfdagpos**: Finansiële, administratiewe, organisering en kommunikasievaardighede. Pastel/MS Office/WordPress/CanvaPro, 10 jaar ondervinding. Bemarking & sosiale media. CV beskikbaar. Jeske vd Walt 081 251 9617.

## Diakonie-fondsinsameling

Jubeljaar knipmesse @ R100 elk

Jubeljaar goue en silwer lepels @ R50 elk

Skakel diaken Kobus Joubert – 0798738219



GEREFORMEERDE TEOLOGIESE AKADEMIE
Stuur u lig en u waarheid

## TEOLOGIESE STUDIE 2026

Die Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA) is tans besig met die Teologiese Opleidingsprogram vir 2026. Die GTA se aanbod brei volgende jaar uit van 10 na 24 kursusse.

### VOORNEMENDE TEOLOGIESE STUDENTE

Voornemende teologiese studente kan nou reeds aansoek doen. Aansoeke sluit 30 November 2025. Let asseblief daarop dat studente op twee plekke aansoek moet doen:

- **By die Kuratorium van die GKSA** om toegelaat te word tot predikantsopleiding. Aansoekvorms vir 2026 kan aangevra word by mev. Lieze Coetzer, Registrateur van die Teologiese Skool Potchefstroom, by curators@gksa.co.za.
- **By die GTA** op die webwerf www.rgta.org.za, of rig navrae aan academic@rgta.org.za.

Die opleiding word in 2026 DV in Potchefstroom by die Teologiese Skool aangebied. Studente kan klasse daar bywoon. Klasse word ook aanlyn aangebied deur middel van afstandsonderrig vir dié wat nie in Potchefstroom kan woon nie.

Die GTA-kurrikulum strek oor vyf jaar, en suksesvolle studente ontvang 'n graad wat geakkrediteer is by die Association of Theological Schools (ATS) in Amerika. Ons doen 'n beroep op kerkrade om manne wat die roeping voel, aan te moedig om so gou moontlik aansoek te doen.

Tans is agt teologiese studente besig met hul eerstejaarsopleiding aan die GTA.

### KURSUSSE VIR KERKRADE, PREDIKANTE EN LIDMATE

Die GTA stel ook van sy kursusse aan alle belangstellendes beskikbaar. Dit is 'n waardevolle geleentheid vir persoonlike geloofsverryking en toerusting vir dienswerk in die gemeentes. Benewens die agt teologiese studente het 64 lidmate, kerkraadslede en predikante vir 'n verskeidenheid van kursusse ingeskryf. Aansoeke vir 2026 is nou reeds oop. Raadpleeg die webtuiste van die GTA www.rgta.org.za of rig navrae aan academic@rgta.org.za


Die aanlynklasse (via Zoom) word ná-ure (om 18:00 en/of 19:30) vanaf Maandag tot Donderdag aangebied en word in Engels getolk. Elke les word opgeneem en op ons aanlynplatform, *Ad Fontes*, gestoor. 'n Kursus kos R2 600, en suksesvolle kursusgangers ontvang 'n *Sertifikaat van Bevoegdheid*.


Terugvoer van lidmate wat reeds die kursusse voltooi het, was oorweldigend positief. Hulle getuig dat hulle groot waarde daaruit geput het, en dat die kennis en insigte wat hulle opgedoen het, in die gemeentes toegepas kan word. Lidmate word aangemoedig om vir van die kursusse in te skryf.

Vriendelike groete in Christus,

Prof. Dolf Britz
Principal
Reformed Theological Academy
principal@rgta.org.za

Dr Deon Lartz
Voorsitter Kuratorium




## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan GK Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgings-fasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R525 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Des 2025. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R899. Die inwoner is ook verantwoordelik vir die kraggebruik en munisipale heffings.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Gerrit Beumer 082 572 5235/ Rina Venter 071 403 4143 (Op terrein)

**Aansoeke sluit 3 Nov 2025**

# Liturgiese Riglyne

## S O N D A G O G G E N D 09:00

## Eerlike mense het niks om oor spyt te wees nie

**Skriflesing:**
Genesis 42:1-38
(2020)

**Teksvers:**
Genesis 42: 21-22

**Sing:**
Ps 146:1,6,7
Sb 12-2:1,2,3,4,5
Ps 38:1,15,17
Ps 18:1,11,12
Sb 2-4:1,3
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Ons is eerlike mense, so getuig Josef se broers aan hom. Dit is natuurlik maklik vir elkeen van ons om onsself te beoordeel aan die hand van ons bedoelinge, en nie aan ons dade nie.

Niemand hou daarvan om as 'n oneerlike mens bestempel te word nie. En as jou geheim uitgelap word, as jy uitgevang word as iemand wat oneerlik is, dan het jy geen verweer nie.

So is daar by elkeen van ons dinge waaroor ons spyt is, wat ons dalk anders sou doen. Immers, eerlike mense het niks om oor spyt te wees nie.

## S O N D A G A A N D 18:00

## Wie God opreg bely, geniet sy beskerming wanneer Hy tel, weeg en verdeel.

**Skriflesing:**
Daniël 5
(2020)

**Teksvers:**
Daniël 5:22

**Sing:**
Ps 93:1,2,4
Ps 29:1,3,5
Ps 68:13,15
Sb 18-7:1,10,12
Sb 13-3

**Prediker**: Dr Douw Breed

1. **Bedreigings ontmasker ontrouheid**
   Koning Belsasar stel sy vertroue in die weerbaarheid van die stad Babel. Die kennis van die lewende God het hy verloor en hy word ontmasker.
2. **Wie die Allerhoogste getrou vereer, lééf egter onder beskerming.**
   Beltsasar (Daniël) het nie sy kennis van die ware God agterweë gelaat nie. Hy vrees nie. Wie die Allerhoogste vereer, mag onder beskerming lééf.
3. **Die getroues ontvang ook wanneer die Allerhoogste oordeel.**
   Op 12 Oktober 539 v.C. tel, weeg en verdeel die Allerhoogste. Belsasar sterf in God se oordeel. Wie egter hul vertroue in God stel, mag ook reken op beskerming wanneer God oordeel.